



eduresourceza.com



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

DIRECTORATE SENIOR CURRICULUM MANAGEMENT (SEN-FET)

HOME SCHOOLING SELF-STUDY WORKSHEET

SUBJECT	Afrikaans EAT	GRADE	12	DATE	01 April
TOPIC	Hersiening Deel 2	TERM 1 REVISION	(Please tick) ✓	TERM 2 CONTENT	(Please tick)
TIME ALLOCATION	2 uur	<u>TIPS TO KEEP HEALTHY</u> 1. WASH YOUR HANDS thoroughly with soap and water for at least 20 seconds. Alternatively, use hand sanitizer with an alcohol content of at least 60%. 2. PRACTICE SOCIAL DISTANCING – keep a distance of 1m away from other people. 3. PRACTISE GOOD RESPIRATORY HYGIENE: cough or sneeze into your elbow or tissue and dispose of the tissue immediately after use. 4. TRY NOT TO TOUCH YOUR FACE. The virus can be transferred from your hands to your nose, mouth and eyes. It can then enter your body and make you sick. 5. STAY AT HOME.			
INSTRUCTIONS	Lees die leesstuk en voer dan die opdrag uit.				

Wenke om verkoue en griep te vermy

Griep en die gewone verkoue is asemhalingsiektes wat deur verskillende virusse veroorsaak word. Mense wat elke dag aan verkoue- en griepkieme blootgestel word, soos ons apteker, weet 'n ding of twee oor hoe om gesond te bly wanneer almal rondom jou siek is. Sy voorstelle kan jou ook help.

Die beste ding wat jy kan doen om griep te voorkom, is om jou teen griep te laat inent. As jy dan wel siek word, sal die simptome heelwat minder erg wees.

As jy in aanraking kom met mense wat jou kan aansteek, moet jy jou hande oor en oor was. Was jou hande so veel as wat jy kan, en dan nog meer - veral nadat jy iemand besoek het wat siek is. Dit klink so eenvoudig, maar seep en water is die konstante metgeselle van alle aktiewe gesondheidskundiges.

As jy nie by seep en water kan uitkom nie, is 'n handreiniger met 'n alkoholbasis die aangewese ding om te gebruik, aangesien die reiniger die verkoue- en griepkieme kan doodmaak.

Moenie te naby aan mense kom wat siek is nie. Moet hulle byvoorbeeld nie met die hand groet nie. Jy kan ook die partikels inasem wat in die lug versprei as hulle hoest of nies.

Hou jou omgewing skoon deur sleutelborde, die rekenaararmuis, deurknoppe en ligskakelaars te ontsmet met 'n reiniger wat kieme doodmaak.

Probeer om 'n gesonde leefstyl te handhaaf deur na jou eie gesondheid om te sien. Doen in elk geval al die dinge wat ons almal op 'n daaglikse basis behoort te doen. Kry genoeg rus (wat mense onderskat), kry goeie voeding, moenie rook nie en hou jou allergieë onder beheer, want as dit buite beheer is, is jou boonste lugweë reeds ontsteek, wat dit makliker maak om 'n virus op te doen.

'n Goeie vitamien- en mineraalaanvulling is altyd 'n goeie idee. Dit voorsien die allerbelangrike voedingstowwe wat in ons moderne samelewing so dikwels verlore

OPDRAG 2

2.1 Skryf die sin as 'n vraagsin oor.

Griep en die gewone verkoue word deur verskillende virusse veroorsaak.

2.2 Skryf die sin in die verlede tyd oor.

As jy dan wel siek word, sal die simptome minder erg wees.

2.3 "Sy voorstelle kan jou ook help."

Skryf die sin in die lydende vorm oor.

Begin met: Jy ...

2.4 Skryf die onderstaande sin oor deur die infinitief te gebruik.

Moet hulle nie met die hand groet nie.

Begin so: Jy hoef...

2.5 Skryf die volgende sin in die negatiewe vorm:

Mense word elke dag aan verkoue-en griepkieme blootgestel.

- 2.6 Vorm 'n persoonsnaam van "siek."
- 2.7 Gee die verkleiningsvorme van die woorde tussen hakies:
- 2.7.1 Was jou (hande) so veel as wat jy kan.
- 2.7.2 Hou jou omgewing skoon deur (sleutelborde, die rekenaarmuis, deurknoppe en ligskakelaars) te ontsmet met 'n reiniger wat (kieme) doodmaak.
- 2.8 Gee die meervoude van die woorde tussen hakies:
- ('n Handreiniger) wat ('n alkoholbasis) het, is die aangewese ding om te gebruik.